**Liturg: Ds Johan Willemse**

**Teks:**

Johannes 5:1-15

**Fokusverse:**

Johannes 5:6-9

**Tema:**

Die pad na gesondwording begin by Jesus Christus

**Datum:**

27 Julie 2025

## 1. **Inleiding**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus,

As jy die taak sou aanpak om ŉ boek oor die afgelope drie jaar van iemand se lewe te skryf; hoe sou jy die saak benader? Dit sou natuurlik onlogies wees om elke gesprek, ontmoeting en sekonde van die drie jaar op te teken. Voordat jy skryf, moet jy beplan, en die beplanning hang alles af van jou **doel**. As jy weet **hoekom** jy die boek skryf, is dit makliker om te besluit **waaroor** en **hoe** jy skryf.

Johannes het dit goed verstaan toe hy sy boek oor Jesus se lewe geskryf het. In hoofstuk 20 en 21 sê hy dat hy nie genoeg hulpbronne gehad het om *alles* te skryf nie. Hy het dus spesifieke verhale en tekens gekies vir een groot doel (Joh. 20:30-31; 31:25):

"S*odat ons kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en dat ons deur te glo, die lewe in sy Naam kan hê.*"

Maar noudat ons weet *hoekom* Johannes sy brief skryf, moet ons ook kyk na **wat** en **hoe** hy dit vir ons neerskryf. Om sy doel te bereik, skryf hy op verskillende vlakke. En dit is juis hierdie verskillende vlakke waarna ons vandag kyk.

Soos ons hoofstuk 5 lees klim ons elke keer ŉ bietjie dieper en kyk na **wat** en **hoe** dit vir ons neergeskryf is – sodat ons kan glo en die lewe in Jesus se naam kan hê.

## 2. <u>Liggaam</u>

### 2.1. Die belang van die waaroor:

Op die hoogste vlak sê Johannes dat Jesus se wonder ŉ plek en ŉ tyd gehad het.

Vers 1 sê daar was ŉ Joodse fees, en almal sou na Jerusalem toe opgegaan. Maar dan sê vers twee dat dit op ŉ spesifieke plek in Jerusalem gebeur het, naamlik by die Skaappoort. As jy die tempel sou inkom vanaf die noordekant, sou jy deur hierdie poort moes gaan.

Na die poort was vyf pilare wat ŉ gang vorm en in die middel daarvan twee baddens. Die Skaappoort het sy naam gekry vanweë die troppe skape wat hulle daar gewas het, voordat hulle in die heiligdom ingegaan het. Een van hierdie baddens het in die spraaktaal bekend gestaan as Betésda, as ons dit vertaal sou dit wees *huis van genade of barmhartigheid*.

Waaroor skryf Johannes vir ons in hierdie gedeelte? Hy skryf vir ons oor die **werklikheid**.

Al hierdie fyn besonderhede wys vir ons dat die gebeure in die hoofstuk regtig plaasgevind het. Vandag kan ŉ mens die opgrawings van die pilaargang en die baddens steeds besoek. Dit is nie net ŉ opgemaakte verhaal nie, maar regte gebeure op ŉ werklike historiese plek.

Maar as Johannes ŉ akkurate beskrywing wil gee oor die werklikheid, dan moet hy ook praat van die groot ellende. In vers 3 lees ons dat daar reg rondom die bad, teen die pilare en op die galerye siekes in groot groepe vergader het.

Johannes wil ons juis lei om te sien dat Jesus die Christus is en dat ons in Hom moet glo. Ons moet dus verstaan dat Jesus werklik mens was en deel geword het van die werklikheid van die wêreld.

Maar die werklikheid van hierdie wêreld is nie net poorte, pilare en baddens nie. Dit is ook die gebrokenheid en ellende. Die Woord het mens geword in ŉ gevalle wêreld en onder ons kom woon.

### 2.2. Die betekenis van die gebeure:

Dan neem Johannes ons ŉ trappie dieper. Dit gaan nie net daaroor dat hierdie gebeure werklik plaasgevind het nie, Johannes sê dat hierdie gebeure ook **betekenis** het.

Tussen al die menigte blindes, kreupeles en verlamdes is daar een man. Vers 5 sê dat hy *siek* was, maar ons kan aflei dat hy waarskynlik gestremd was en nie kon loop nie. Hy kon nooit werk vir lewensonderhoud nie en was waarskynlik haweloos. Hy kon bloot bedel en staatmaak op aalmoese. Dit was al wat hy geken het vir 38 jaar.

Maar sy ellende strek soveel verder as liggaamlike smart. Hy het ook 'n dieper swaarkry beleef. In die samelewing destyds was sulke mense eenkant toe geskuif, verlate en verag. Sy antwoord op Jesus se vraag sou dit later bevestig: "*Meneer, ek het niemand nie...*"

Maar in die donker van die man se ellende skyn daar 'n lig. Jesus sien die man daar lê en gaan juis na Hom toe. Die man het nie die Here se aandag getrek of iets gedoen dat Jesus hom moes raaksien nie. In sy groot genade en uit barmhartigheid kom Christus na die man toe.

Dan vra Jesus vir hom: "*Wil jy gesond word?*"

Dit klink vir ons egter na 'n baie vreemde vraag; hoe weet Jesus dan nie wat die man soek nie? Jesus het die antwoord geken, maar Hy vra die vraag sodat ons die dieper sake van die man se hart kan leer ken. In sy antwoord sien ons dat sy *hoop op die verkeerde dinge is* en daarom is hy eintlik *hopeloos*.

Sy hoop stel hy op 'n bygelowige idee dat die water hom sal genees. Al wat hy moet doen, is om eerste in die bad te wees wanneer die water beweeg word. Maar hoe gaan 'n gestremde dit regkry? Daarom stel hy sy hoop ook op mense. Al wat moet gebeur, is dat iemand hom in die bad inhelp. Maar hoe gaan hy dit regkry, want hy het niemand nie.

Hy hoop op die water van Betésda, maar voor hom staan die Lewende water wat 'n fontein in hom kan laat ontspring. Hy hoop op die hulp van mense, maar voor hom staan sy enigste bron van herstel en genesing.

**[LS]** Maar dan, ten spyte daarvan dat die man nie bewus is Wie voor hom staan nie, skenk Jesus steeds genesing. Vers 8 en 9 sê:

"*Jesus sê vir hom: "Staan op, tel jou slaapmat op en loop." En dadelik het die man gesond geword, sy slaapmat opgetel en begin loop.*"

**--[KP]--**

Kom ons lig vir 'n oomblik net die ontsaglike diep betekenis van hierdie verhaal uit:

- Hier lê 'n man met 'n hopelose verwagting op water en mense. Ellendig en gebroke. In homself is daar geen genesing nie en hy kan ook niks doen om gesond te word nie.
- **[KP]** Maar hier die kom die Lam van God self deur die Skaappoort. By Betesda, die huis van genade, kom die eniggebore Seun van die Vader vol genade en waarheid. In barmhartigheid kom Hy na 'n liggaamlik en sielsgebroke mens en skenk gesondheid.
- Die pad tot gesondwording begin by Jesus, wanneer ons Hom erken, raaksien en in Hom glo. Die genesing wat Hy gee, is volkome, kragtig en blywend!

**--[LS]--**

Hoekom het Johannes juis oor hierdie gebeure geskryf?

Sodat ons kan glo dat Jesus waarlik geleef het, en dat Hy in hierdie gebroke wêreld ingekom het. Dit is dieselfde werklikheid wat deur die eeue weerklink en vandag nog sigbaar is. Ellende en smart, siekte en gebrokenheid, sonde en boosheid. Dit is ook ons werklikheid.

Daardie verlamde man is ook u en ek, dit is die ganse mensdom met ons van 'n gebroke liggaam en 'n siek siele. In onsself is daar geen hoop en uitkoms nie. Daar is geen voorwerp of mens wat dit vir ons kan bied nie.

**Commented [MOU1]:** verwarrende teks

Dit is Christus wat ons uit genade opgesoek het en gesondwording geskenk het. Die dieper betekenis vind ons in Jesaja 53(:3-4), waar daar oor die Christus geprofeteer word:

"*Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. Nogtans het Hý óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte — dié het Hy gedra.*"

Johannes skryf vir ons dat ons in Hom alleen kan glo en deur te glo, gesondwording kan hê. Die betekenis van die gebeure is ook vir ons...

**--[LP]--**

**2.3. Die betekenis in die woorde:**

Geliefdes, dit bring ons by die laaste punt uit.

In Johannes vind ons die diepste vlak nie net in die **wat** nie, maar ook in die **hoe**. Kom ek sê dit anders; wanneer 'n mens die evangelie lees, is daar diep betekenis nie net in die wonders, gebeure en gesprekke nie. Daar is ook betekenis in **die manier hoe** dit geskryf is.

1. **Ek het niemand nie:**

In die eerste plek moet ons fokus op *hoe die man vir Jesus geantwoord het*. Nadat Jesus die man sien, vra Hy vir hom: "*Wil jy gesond word?*" Johannes teken dan juis vir ons sy antwoord op hierdie manier op om vir ons iets van die mensdom te leer:

Die man sê: "*Meneer, ek het niemand nie.*" En hoe hartseer is hierdie woorde nie. Hier lê 'n siek man in die tempel op 'n feesdag. Hoeveel mense het daardie dag verby hom gestap sonder om 'n greintjie aandag te skenk. Selfs tussen godsdienstige mense was daar niemand nie.

In die gebroke wêreld is daar 'n geweldige nood aan barmhartigheid. Maar Christus het ons in ons ellende raakgesien en aan ons barmhartigheid bewys. Daarom eis Hy ook dat ons barmhartigheid aan ons medemens sal bewys. Een van die wonderlikste maniere wat ons dit kan doen, is om vir iemand daar te wees.

**[LS]** Die siek man se probleem strek ook verder. Hy sê: "*Meneer, ek het niemand nie...*" maar hy sê ook: "*terwyl ek nog besig is om nader te gaan, gaan iemand anders voor my in.*" Dit spreek boekdele oor die mensdom se selfsug en eie ek. Vir die 38 jaar wat die man siek was, was daar nog nooit iemand wat gesê het: "*Laat ek jou gou help om eerste in te gaan nie.*"

Deel van die gebroke wêreld is dat mense hulle eie belange eers soek. Die man se woorde aan Jesus: "*Meneer, ek het niemand nie...*" is ŉ smartkreet oor die eieliefde van die mens en gebrek aan naasteliefde.

Maar broers en susters, by ons moet dit anders wees! Later sal Johannes in sy brief skryf: "*Hierin bestaan die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het, en sy Seun gestuur het as versoening vir ons sondes. Geliefdes, as God ons so liefgehad het, behoort ook óns mekaar lief te hê.*"

**--[KP]--**

2. **Leer deur voorbeeld:**

In die tweede plek lê Johannes baie klem op werkwoorde. Hy onderstreep vir ons Jesus se dade, sodat ons kan leer deur sy voorbeeld. In Lukas 6:46 gee Christus vir ons die opdrag: "*Julle moet barmhartig wees soos julle Vader barmhartig is.*" Maar in vers 6 wys Christus vir ons prakties hoe om barmhartigheid te wys.

Die eerste werkwoord is **sien**. In die groot skare mense wat by die tempel bymekaargekom het, was dit net Christus wat die man se ellende raakgesien het. Nie net met die oë nie, maar ook met ŉ bewoë hart en ŉ oop hand. Ware barmhartigheid soek en sien raak.

Om raak te sien moet ons ook op die uitkyk wees. En as ons nou eerlik gaan wees, ons moet hard probeer om nie die nood en seer in die wêreld raak te sien nie. Geliefdes, laat ons dus uit liefde kyk en sien!

Volgende sê vers 6 dat Jesus **geweet het/ bewus** was. Christus het die man se ellende geken omdat Hy self God is. Maar die werkwoord kan ook beskryf dat Hy daarvan geleer het. Hy het waarskynlik met die man gepraat, meer geleer oor sy lewe en uitgevind oor sy siekte.

Ware barmhartigheid eis dat ons uit liefde moet weet wat die nood is. As gelowiges is dit baie belangriker om van ander te leer as om oor jouself te praat. Kom ons maak moeite om te leer wat is ons medemens se vrese, nood, behoeftes en tekort.

Die laaste werkwoord in vers 6 is ***vra***.

Ons kan gerus ook vir mense vra: "*Wil jy gesond word?*" Daar is baie mense wat raad het en hulp soek, maar hulle hoop is op die verkeerde plek. Hulle vertroue lê in mense en dinge, maar hulle kyk vir Christus mis.

In die antwoord van die siek man lê daar egter ook iets anders. Vir 38 jaar was hy gewoond aan sy leefstyl en siekte. Daar is baie keer mense wat vergenoegd is in hulle ellende en nie werklik die opoffering wil maak om Christus te volg nie.

Dalk wil sommige mense gesondheid hê, maar hulle wil nie die Geneesheer volg nie. Die twee kan egter nie los van mekaar staan nie. Later het Jesus weer die man opgesoek en gesê: "*Kyk, jy is nou gesond; moenie langer sondig nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie.*"

Vir elke sondaar wat hom nie wil bekeer nie, wag daar iets ergers as die man se ellende: ŉ sterwe in die sonde, ŉ ewige-verlore-gaan.

Daarom, broers en susters moet ons uit barmhartigheid vrae vra. Vind uit waar mense se prioriteite, hoop en verlange lê, want as dit nie in Christus is nie, dan is daar geen gesondwording nie.

### 3. **Slot**

Geliefdes ek sluit af.

Die wêreld waarin ons leef, lyk baie soos die pilaargang wanneer jy deur die Skaappoort gaan. Dit is ŉ wêreld met gebrokenheid, seer, eensaamheid en moedeloosheid. Dit is ŉ wêreld vol selfsug en eie belang. ŉ Wêreld met ŉ diep nood aan gesondwording.

As God se kinders het ons egter reeds die gesondheid ontvang. Laat ons dan nou, in hierdie wêreld vol ellende, die brandende barmhartigheid van ons Vader, in Jesus Christus, tot openbaring bring.

Amen